

10 RAKTIESE STRATEGIEË OM UITDAGENDE GEDRAG IN DIE KLASKAMER TE HANTEER

Struktuur, stabiliteit en jou eie welstand

1. “Stop” is nie altyd die oplossing nie

In die oomblik is dit maklik om te sê: “Hou op praat.”
Probeer eerder: “Praat asseblief sagter.”

Dit is ’n klein verskil, maar dit verminder dikwels weerstand en hou die les aan die gang.

2. Wees duidelik oor wat jy verwag

Leerders kan nie aan verwagtinge voldoen wat nie duidelik is nie.

Verduidelik wat “voorbereid”, “respekvol” of “gefokus” prakties beteken in jou klas.

Duidelikheid verminder herhalende teregwysings.

3. Wys die gedrag wat jy wil sien

Jou reaksie bepaal die toon.

Om kalm te bly wanneer jy gefrustreerd voel, is nie altyd maklik nie – maar dit voorkom dikwels verdere eskalاسie.

4. Stel saam klasreëls op

Wanneer leerders inspraak het in klasverwagtinge, neem hulle meer eienaarskap daarvan.

Hou reëls eenvoudig, sigbaar en konsekwent.

5. Gebruik spesifieke instruksies

Vaagheid lei tot verwarring.

In plaas van: “Gedra jou”, sê eerder: “Boeke toe. Oë op my. Dankie.”

Spesifieke taal verminder onnodige konflik.

6. Gee erkenning wanneer dit goed gaan

Uitdagende gedrag trek maklik aandag.

Maar erkenning van moeite en verbetering kan die klasklimaat verander: “Dankie dat julle vinnig stil geword het.”

Wat erken word, word herhaal.

7. Bou doelbewus verhoudings

Verhoudings verminder konfrontasie.

’n Kort gesprek, belangstelling in ’n leerder se stokperdjies of ’n opvolg vraag bou vertroue, en vertroue bevorder samewerking.

8. Bied ’n geleentheid om te herfokus

Soms dui gedrag op oorweldiging eerder as opsetlike ongehoorsaamheid.

’n Kort pouse, sitplekverandering of stil oomblik kan help om spanning te verlaag sonder om dit in ’n konfrontasie te verander.

9. Spreek gedrag diskreet aan

Om ’n leerder voor ander tereg te wys, kan skaamte en weerstand veroorsaak.

’n Stil gesprek ná die klas werk dikwels beter.

10. Hou ouers betrokke so ver moontlik

Gereelde, professionele kommunikasie voorkom verrassings.

Wanneer verwagtinge tussen die huis en skool ooreenstem, verbeter konsekwentheid.

Klaskamerbestuur gaan nie oor beheer nie.
Dit gaan oor duidelikheid, konsekwentheid en jou vermoë om kalm te bly onder druk.

Sommige dae sal steeds uitdagend wees. Dit beteken nie jy doen iets verkeerd nie.

Indien die druk begin opbou, onthou:

SAOU Help bied vertroulike ondersteuning aan alle onderwysers.



YOU WELSTAND IS BELANGRIK

VIR ONDERSTEUNING WANNEER DIT SAAK MAAK, KONTAK DIE KRISISLYN

☎ 012 436 0911

☎ 064 609 1150

24/7 Emosionele ondersteuning

Jy hoef dit nie alleen te dra nie.

Uitdagende gedrag gebeur nie in isolasie nie.

Dit gebeur terwyl jy klas gee, tyd bestuur en probeer om almal betrokke te hou.

*Daar is nie ’n enkele oplossing nie, en geen strategie werk elke keer nie.
Maar klein, konsekwente aanpassings kan help om situasies te ontloft en terselfdertyd jou eie energie te beskerm.*